


# DIT

## IS 'N WETSOORTREDING OM STAATSHULPBRONNE TE GEBRUIK VIR DIE BEVORDERING VAN DIE BELANGE VAN ENIGE POLITIEKE PARTY.

Om 'n gunstige klimaat te skep vir 'n vrye en billike verkiesing, moniteer die Onafhanklike Mediakommissie alle Staatsgefinansierde publikasies en Staatsinligtingsdienste regdeur Suid-Afrika. Daarmee word verseker dat die hulpbronne nie aangewend word om die belange van enige politieke party te bevorder nie.

Die Onafhanklike Mediakommissie bestaan uit gekwalifiseerde persone wat hoë aansien in die samelewing geniet en 'n breë deursnit van die gemeenskap verteenwoordig. Die liggaam is onafhanklik van die regering of enige politieke party.

Om sy funksies te vervul, doen die Kommissie 'n beroep op die publiek, en veral op Staatsamptenare in Suid-Afrika, die tuislande en selfregerende gebiede, om dit aan te meld as hulle vermoed dat enige Staatspublikasie, Staatspamflet of ander vorm van Staatskommunikasie enige party kan bevorder.

As u oor enige inligting in dié verband beskik, laat weet u politieke verteenwoordiger daarvan, of bel die Onafhanklike Mediakommissie by ons tolvrye nommer: 0800 112 004.

IMC
ONAFHANKLIKE MEDIAKOMMISSIE

821258/A